



## STAAT VAN BELYDENIS

### Belydenisskrifte en kerk

Die vyfde saak wat in die Staat van Belydenis aangespreek word, het die hantering van die Belydenisskrifte in die visier. Die volledige teks lui so:

Die AKV bevat al hoe meer stemme wat vanaf kansels verkondig dat die belydenisskrifte nie onverkort en sonder interpretasie gehandhaaf kan word nie. In opdrag van die 69e AKV moet daar selfs 'n interpretasie van die geloofsbelydenis gepubliseer word om nuwe grense te kan trek. Die dosente maak dit ook duidelik dat "kritiese wetenskap" vereis dat daar anders met die belydenisskrifte omgegaan moet word. Hierdie benadering deur die dosente en die predikante van die AKV wat gestem het ten gunste van 'n interpretasie van die belydenisskrifte, het nie rekening gehou met die proponentformule wat alle predikante onderteken het en waar hulle reeds verklaar het: "die leer wat uitgedruk is in die NGB, HK en DL ... is in ooreenstemming met die Woord van God. Ek beloof om in hierdie leer te volhard". Dit kan tog nie gebeur dat daar sonder 'n gravamen "interpretasies" van die belydenisskrifte onderneem word nie. Die gedagte dat die geloofsbelydenisse en die belydenisskrifte interpreteer moet word, is meer in lyn met die "quatenus" standpunt van die vrysinnigheid.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat nou opgetree word asof die Kerkorde die quatenus-standpunt in die proponentformule sou duld en goedkeur. So 'n stelling bring die eerbaarheid van die bestaande en lojale ondertekenaars van die formule in gedrang, want hulle het almal die formule geteken omdat dit die quia-standpunt verwoord. Ons distansieer ons van hierdie nuwe denke en hou vas aan die verklaring soos dit onderteken word deur proponente wat toegelaat is as predikante.

*Hierdie is 'n staat van belydenis wat deur elke individu oorweeg moet word en self oor besluit moet word. Hiermee word nie met die ketterkwas 'n streep deur die Kerk getrek nie. Hierdie*

*belydenis is 'n wekroep tot besinning. Dit is 'n belydenis van geloof waarop u self moet antwoord.*

Tydens 'n gesprek tussen 'n steedsHervormer (stoere Hervormer) en 'n NHKA lidmaat (gewillige kommissie ondersteuner) is die verwyd aan die steedsHervormer dat die NHKA net in vrede kerk toe wil gaan, net in vrede kerk wil wees. "Waarom gaan krap waar daar vrede in die gemeente is?" Die antwoord is dat die swere besig is om vanself na vore te tree. Die vrysinnigheid het 'n manier om sy eie ergste vyand te wees. Sodra die behoudende remme laat los of verwyder is, word vrysinnigheid 'n wegwol rots wat 'n al groter wordende ineenstorting tot gevolg het omdat vrysinniges nie kan verstaan dat mense nie hou van mensgemaakte vryheid nie. (Die vraag is inderdaad of mensgemaakte vryheid ware vryheid is....)

Die hantering van die Belydenisskrifte is 'n belangrike aspek in enige kerk se teologiese nadenke. Die verstaan van die Skrif en die hou by die Belydenisskrifte is twee ankers wat alles in plek hou. Die Skietlood sal in uitgawe 60 oor die Bybel uitbrei. Saak vyf van die Staat van Belydenis (SB) het die hantering van die Belydenisskrifte in die oog. Daar is basies drie moontlike benaderings tot die Belydenisskrifte.

Die eerste standpunt word die *quia* benadering genoem. Die Latynse woord word vertaal met "omdat". In 'n sin gebruik sou ons kon stel; ons onderskryf die Belydenisskrifte (*quia*) omdat hulle met die Bybel ooreenstem. Anders

gestel, die *quia* benadering is van oortuiging dat die Belydenisskrifte die waarhede van die Bybel korrek weergee. Enige Belydenisskrif is uit sy aard 'n samevatting van kernwaarhede van die Bybel en kan daarom nie alles in die Bybel verwoord nie. Die Belydenisskrifte het as polemiese geskrifte ontstaan in die teologiese stryd teen die Roomse kerk (Nederlandse Geloofbelydenis en die Heidelbergse kategismus) en dwaalleer (Dordtse leerreëls). Beide die NGB en die Kategismus het vanuit eie perspektief die Reformatories gesproke, belangrikste sake uit die Skrif saamgevat. Die samevatting dien as gemaklike instrument om by die waarhede van die Skrif te hou. Die Skrif bly die *norma normans* (die norm van norme), terwyl die Belydenisskrifte *norma normata* (genormeerde norm) is. Die Bybel as *norma normans non normata* (norm van norme wat nie genormeer word nie) is die grondslag van al ons denke. God se Woord is die norm waaraan ons gemeet word, ons meet nie God se Woord aan ons denke, verwagtinge of wense nie. **God se Woord is die absolute gesag wat ons lewens en denke bepaal.** Die Belydenisskrifte as afgeleide norm (**samevatting van die absolute norm**) help ons om in verkorte vorm die waarhede van die Skrif te verwoord. Vanuit 'n ander perspektief: Daar is ander sake wat in die Bybel na vore kom en hierdie ander sake is aan die rand van die kernwaarhede. Hierdie ander sake ondersteun die kernwaarhede of brei uit op hierdie kernwaarhede. Op sigself kan enige klem op die sake in isolasie aanleiding gee tot groot verwarring. Hulle moet in die lig van die

kernwaarhede interpreteer word. Indien hulle verhef word dus kernwaarhede, kan dit maklik gebeur dat die ware boodskap van die Bybel verdraai word tot kettery. Enige verheffing van 'n perifere geloofssaak tot kernsaak het in die verlede inderdaad gelei tot dwaling. Dit maak **die quia standpunt** 'n belangrike hoeksteen wat self **gebou is op** dié hoeksteen naamlik **Jesus Christus (die Woord)**.

Die tweede standpunt word die *quatenus* benadering genoem. Die Latynse woord word vertaal met "in soverre". In 'n sin gebruik sou ons moet stel; ons onderskryf die Belydenisskrifte (*quatenus*) in soverre hulle met die Bybel ooreenstem. Hierdie benadering het die skyn van redelikheid maar moet ontmasker word as **vrysinnige omverwerping van Reformatoriese teologie**. Om te stel dat jy saamstem met die Belydenisskrifte in soverre hulle met die Skrif ooreenstem, maak die deur oop om enige deel van die Belydenisskrifte te verwerp. Die volgende stap is dan om op eie deuntjie die ritme van die teologie te verander na eie voorkeur. In die proses word kernwaarhede verwerp en vervang met opgeblase perifere temas en die dwaalleer maak solied homself tuis in die kerk. Bevrydingsteologie is 'n goeie illustrasie van hierdie benadering. Dit begin by 'n politieke bewuswording vanuit 'n Marxistiese perspektief. Dit vorder deur tekste waar die "onderdrukte" ter sprake is, te verhef tot kerntekste en loop uit op 'n nuutgeskepte, sogenaamde "belydenis" soos die een van Belhar, wat dan voorgehou word as 'n noodsaaklike nuwe belydenis. Die tweede benadering eindig in die derde moontlikheid.

Die derde moontlike standpunt is om die Belydenisskrifte en daarmee saam alle dogmas te verwerp. Dit is die naïewe standpunt dat enige dogma verkeerd is en dat dit net gaan oor die Bybel. Hierdie standpunt is opsigself is self-verwysende, selfvernietigende dogmatiese standpunt juis omdat dit stel dat die Bybel alleen (teenoor byvoorbeeld die tradisie of die apokriewe) gelees moet word. 'n Eerlike anti-dogma standpunt sal erken daar is ten minste een dogma teenwoordig. Die deur is egter ook wyd oop vir ander om te stel dat tradisie of die apokriewe net so belangrik is, of selfs dat die apokriewe bepalend moet wees in enige lees van die boodskap van God.

Teen hierdie agtergrond is dit dan wenslik dat gevra word na die nodigheid van die SB om enigsins te verwys na 'n afwyking van die *quia* standpunt in die NHKA. Die NHKA se eie Kerkorde en die proponentsondertekeningsformule staan sterk op die *quia* standpunt. Wat in die twee tekste staan en die werklike benadering verskil egter van mekaar.

Besluit 54 (soos die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV bekend geword het) is 'n eerste aanduiding dat die NHKA *quia* as standpunt verlaat het. Die woorde "ons beklemtoon die Bybels-teologiese aard" het betrekking. Daar is reeds vroeër aangedui dat bevrydingsteologie die oorbeklemtoning van 'n perifere geloofszaak is. Enige teologie wat enige politieke beleid tot sonde verklaar, het reeds die grens oorgesteek en ander sake tot kernwaarhede verhef en afgewyk van die *quia* standpunt. Die feit dat Besluit 54 geneem is, dat 'n hele BAKV opgestel is om die besluit te

beskerm, en dan boonop nog 'n opvolgbesluit te neem, is voldoende bewys dat hierdie *quatenus* benadering sterk in die NHKA se teologiese are bruus.

Die onlangse geskiedenis wys ook dat die *quatenus* standpunt tuis gekom het by die teologiese fakulteit. Beide Proff. Gert Pelser en JP Oberholzer het in die openbaar stellings gemaak wat die *quia* aard van die Belydenisskrifte relativer tot 'n *quatenus* glybaan. Daarmee saam is die *de facto* teologiese standpunt van diegene wat die maagdelike verwekking en fisiese opstanding nie meer glo nie, 'n *quatenus* standpunt; aangesien sodanige standpunte die goddelike aard van Jesus implisiet verwerp. Dit terwyl die Belydenisskrifte hieroor uitgesproke is. Dit regverdig die SB as aanspreek van 'n standpunt wat gehuldig word by die instansie wat die NHKA se predikante oplei.

Die mate waartoe die bevrydingsteologie tuis is in die NHKA se denke, moet nie net terug gevind word in besluit 54 (eintlik net die kort begrip van Belhar) nie, maar ook in die feit dat die Belhar belydenis vir NHKA dosente blink en aantreklik is. So 'n standpunt kom in diepste wese daarop neer dat die dosente 'n *quatenus* standpunt handhaaf. Daar is ook baie predikante in die NHKA wat net soos hulle leermeesters dink.

Dit is nie net die dosente en sekere predikante wat so dink nie. Die skeeftrek van prioriteite blyk ook duidelik uit die hantering van sake deur die kommissie van- die 69e AKV asook die 70e AKV. Die proponentformule stel 'n baie duidelike ranglys ten opsigte van gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan

die Kerkorde en besluite van die AKV moet sekerlik **ondergeskik gestel word aan die Bybel en Belydenisskrifte**.

Die vervolging wat persone soos dr Malan Storm en dr Johan Otto te beurt geval het, het die teendeel in denke openbaar. Die vorige uitgawes van Die Skietlood het duidelik aangetoon dat **Besluit 54 teologies afwykend** is. In 'n situasie waar die **besluite van die AKV die Bybel en die Belydenisskrifte teenspreek** moet die **Bybel immers gehoorsaam word**. Tog is die ultimatum wat aan protesterende predikante gestel is juis dat hulle moet berus by die besluite wat geneem is. Daar is 'n paar moontlike verklarings vir hierdie viktimiserende optrede. Van die verklarings is;

- Die kommissies kan gewoon te dom wees om raak te sien dat daar teologies teenstrydige besluite geneem is.
- Die kommissies kan die nuwe benadering tot die Belydenisskrifte ondersteun en die Belhar belydenis aanhang.
- Die kommissies kan die nuwe benadering tot die Belydenisskrifte ondersteun en selfs wanneer die tyd polities reg is, Belhar implementeer.
- Die kommissies kan polities gedienstig optree en hul sy na die regering se bottermes gedraai hou.

Watter verklaring ookal die regte een blyk te wees, die optrede van die Kommissies is 'n wegbeweeg van die Belydenisskrifte soos deur die eeue ondersteun.

Hierdie voorbeelde asook vele ander maak dit duidelik dat dele van die NHKA in denke reeds ver weg beweeg het van die Belydenisskrifte. Dit is 'n ope vraag

of die NHKA se teologiese denke rehabiliteer kan word. Die SB was inderdaad 'n tydige wekroep waarop die NHKA sal moet antwoord.